# Week 3: Ons behoort aan die natuur

**ONTMOET:** Behoort die aarde aan ons, of behoort ons aan die aarde?
Hoe verander hierdie perspektief ons verhouding met die skepping en met God?

**GEBED:** Lees Psalm 8 as ‘n gebed.

**LEES SAAM UIT DIE WOORD:** Psalm 24:1

**GESELS SAAM:**

1. Wat doen dit aan jou identiteit en roeping om te besef jy is deel van God se skepping en nie die eienaar daarvan nie?

2. Lees Genesis 2:15 saam.
Wat hoor jy nuut as jy lees dat die mens geroep is om “te bewerk en op te pas”?
Hoekom het God juis mense gekies?

3. Ons blou planeet is die enigste huis wat geskik is vir mense in die heelal. Die Griekse woord ’oikos’ beteken huishouding of leefruimte. Wat verander in jou denke as jy die aarde sien as God se huishouding en nie as ons besitting nie? Hoe sou ’n goed bestuurde huishouding van God lyk?

4. Hoe raak hierdie denke jou siening oor plastiek, herwinning, besoedeling, ens?

**AANMOEDIGING:** Watter saad kan jy hierdie week plant soos bv: ‘n daad, ‘n gewoonte of ‘n woord, wat help dat God se tuin floreer?

**SEËN**
Spreek die volgende woorde oor mekaar uit.
Mag die God uit wie alle dinge is, die bron van jou geloof, jou in geloof versterk.
Mag die God deur wie alle dinge is, jou met liefde dra, sodat jy in liefde kan lewe.
Mag die God tot wie alle dinge is, jou met hoop op sy beloftes laat lewe.
AMEN